

11/92

LL

Saak No 476/1991

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

WELILE XHANTI

Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

VAN HEERDEN, SMALBERGER ARR et
HOWIE WAR

VERHOORDATUM:

24 FEBRUARIE 1992

LEWERINGSDATUM:

5 MAART 1992

UITSPRAAK

VAN HEERDEN AR:

Die appellant is in Februarie 1989 in die Oos-Kaapse Afdeling skuldig bevind aan moord en roof. Aangesien die verhoorhof nie versagtende omstandighede kon bevind nie, is die appellant op die moordklag ter dood veroordeel. Hierna het hy met verlof van die verhoorregter na hierdie hof teen sy skuldigbevindings geappelleer. Bedoelde appèl is op 22 Maart 1990 afgewys.

Na die inwerkingtreding van die Strafrekwysigingswet 107 van 1990 is die appellant se geval ooreenkomstig art 19(8) van daardie Wet oorweeg deur die paneel aangestel ingevolge art 19(1). Die paneel het bevind dat indien artikel 277 van die Strafproseswet 51 van 1977, soos gewysig deur eersgenoemde Wet, ten tye van vonnisoplegging in werking was, die doodvonnis waarskynlik nogtans opgelê sou gewees het. Dit bring mee dat hierdie hof die aangeleentheid nou moet oorweeg asof 'n appèl van die

appellant teen sy doodvonnis voor hom dien.

Die omstandighede waaronder die appellant hom aan moord skuldig gemaak het, blyk volledig uit die uitspraak wat hierdie hof op 22 Maart 1990 gelewer het (appèl 495/1989). Ek meld slegs die volgende:

1) Die oorledene was 'n dame wat bykans 50 jaar oud was. Sy het van tyd tot tyd haar kleinhoewe in die distrik van Port Elizabeth besoek. Om die hoewe te bereik, moes sy gebruik maak van 'n grondpad wat ongeveer 50 treë weg van 'n teerpad parallel daarmee loop.

2) Op 3 Junie 1986 het die oorledene die kleinhoewe besoek. Laatmiddag het sy in haar bakkie vandaar vertrek en met die grondpad langs gery. Naby die hoewe het sy egter haar voertuig tot stilstand gebring. Kort daarna is sy bebloed en swaar verwond langs die grondpad aangetref. Sy het 'n groot aantal steekwonde oral oor haar liggaam opgedoen en het op die

toneel gesterf.

3) Die oorledene was gedwing om haar bakkie tot stilstand te bring omdat versperrings, bestaande uit 'n drom en 'n rol draad, in die pad geplaas was.

4) Die appellant het 'n aantal verklarings gemaak waarin hy erken het dat hy ten tye van die aanval op die oorledene op die toneel was. Sy aandadigheid aan die moord is grotendeels in die lig van die inhoud van die verklarings beoordeel. Hy sê dat hy en twee makkers, Qolisile en Garvel, die betrokke middag langs die gruispad gelê het. Op 'n stadium nadat die oorledene op pad na haar hoewe by die drietal verbygery het, het hulle die versperrings in die pad geplaas. Met haar terugkeer het die oorledene voor die versperrings stilgehou. Toe sy uit haar bakkie klim, het Garvel haar vasgegryp. Die appellant het hulle toe "na eenkant toe gestoot". Nadat Garvel en Qolisile die oorledene op die grond gegooi het, het die appellant na die bakkie gestap

en 'n beursie uit die paneelkissie verwyder. Hy hoor die oorledene skreeu, kyk om en sien dat Garvel die oorledene met 'n mes steek. Daarop hardloop Garvel en Qolisile na die bakkie. Met Garvel as bestuurder is hulle toe vort.

5) Op sterkte van staatsgetuienis het hierdie hof op die vorige geleentheid gekonkludeer dat die appellant die bakkie bestuur het toe dit van die toneel weggetrek het en dat die appellant en 'n ander persoon reeds die middag voor die moord by die grondpad was.

Hierdie hof het ook bevind dat die appellant 'n ten volle bewuste en gewillige deelnemer was aan die beplanning en uitvoering van die roof; dat hy en sy makkers vooraf bespreek het hoe hulle te werk sou gaan om die oorledene van haar bakkie te beroof; dat hulle besef het dat die oorledene haar sou kon verset en alarm sou kon maak deur te skreeu, en dat hulle sou bespreek

het hoe hulle sou optree om enige moontlike weerstand van die oorledene te oorkom. Kortom, elke deelnemer se rol was goed vooraf beplan.

Die appellant se getuienis dat hy nie geweet het dat die tweede appellant 'n mes in sy besit gehad het nie, is deur hierdie hof verwerp. Dit het gelei tot die afleiding, buite redelike twyfel, dat die appellant besef het dat die mes gebruik sou kon word om die oorledene te oorrompel en stil te maak, met moontlike noodlottige gevolge. Samevattend is bevind dat die appellant tereg skuldig bevind was aan moord omdat hy as beplanner van, en deelnemer aan, die roof voorsien het dat die oorledene as gevolg van 'n mesaanval sou kon sterf en onverskillig teenoor die intrede van hierdie gevolg gestaan het.

Hierdie hof is tans geroepe om met inagneming van verswarende en versagtende faktore te beslis of die doodvonnis ten opsigte van die moord die enigste

gepaste vonnis is. Die verswarende faktore waarop namens die respondent gesteun is, is die beplanning wat die voorval voorafgegaan het; die motief van die appellant, nl suiwer materiële gewin, en die feit dat die oorledene op 'n wrede wyse aangeval is terwyl sy weerloos in die hande van haar aanvallers was. Laasgenoemde faktor kan egter nie veel gewig dra nie omdat die appellant nouliks die omvang van die geweldsuitoefening sou voorsien het.

Wat versagtende faktore betref, dien eerstens in aanmerking geneem te word dat die appellant nie 'n vorige veroordeling ten opsigte van 'n geweldsmisdaad het nie. Hy is trouens slegs een keer vantevore aan 'n misdaad skuldig bevind, nl huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Daarvoor is hy gevonniss tot lyfstraf. Die belangrikste versagtende faktor is egter dat die appellant nie fisies tot die dood van die oorledene bygedra het nie. Soos reeds genoem, berus sy

skuldigbevinding aan moord op deelname aan die rooftog met opset by moontlikheidsbewussyn betreffende die dood van die oorledene. Tot welke mate afwesigheid van direkte opset in so 'n geval gewig moet dra, hang uiteraard af van die moontlikheidsgraad van doodveroorsaking wat die mede-deelnemer gekontempleer het. In die onderhawige geval kan nie buite redelike twyfel bevind word dat die appellant hom die dood van die oorledene as 'n sterk moontlikheid voorgestel het nie. Inteendeel sou hy gemeen het dat sy makkers waarskynlik die oorledene sou kon betuel en verhoed om alarm te maak.

Ten slotte dien vermeld te word dat die appellant ten tye van die gebeure slegs 22, of moontlik 21, jaar oud was, en dat die advokaat vir die respondent tereg toegegee het dat nie gekonkludeer kan word dat die appellant nie rehabiliteerbaar is nie.

Na opweging van bogenoemde faktore is ek van

mening dat die doodvonnis nie die enigste gepaste straf is nie (vgl S v Mthembu 1991 (2) SACR 144 (A) 147), en dat die oogmerke van vonnisoplegging voldoende gedien sal word indien hy tot 20 jaar gevangenisstraf gevonniss word.

Gevolgtik slaag die appèl en word die doodvonnis opgelê op die eerste aanklag vervang met 20 jaar gevangenisstraf. Dit word voorts beveel dat die gevangenisstraf opgelê op die tweede aanklag samelopend met die termyn van 20 jaar gevangenisstraf moet wees.

H J O VAN HEEREDEN AR

SMALBERGER AR

stem saam

HOWIE WAR